Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

## SEPTEMBER 2017

# AFRIKAANS HUISTAAL V1

**PUNTE:** **70**

**TYD:** **2 UUR**

*AFRHL1*

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Trek ŉ streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat ŉ reël oop na elke antwoord.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

10. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die meegaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS A: ARTIKEL

# IS JOU VLIEGTUIG VEILIG?

*As net na noodlottige voorvalle gekyk word, lyk lugvaart baie veilig. Maar die werklike ongelukrisiko in die lugvaartbedryf is waarskynlik veel hoër as wat ons dink.*

1 Op 19 Mei 2016 het vlug MS804 van EgyptAir, wat van Parys na Kaïro onderweg was, in die Middellandse See neergestort. Al 66 passasiers en bemanningslede aan boord het gesterf. Terreur word genoem as moontlik een van die oorsake. Dit was die vyfde keer sedert begin 2016 dat ŉ vliegtuig van ŉ groot lugdiens neergestort het. Is vlieg so veilig soos ons altyd wys-gemaak is? ŉ Kriminoloog wat veiligheids- en sekuriteitsleierskap bestudeer, het ondersoek ingestel na hoe die lugdiensbedryf sy veiligheidsgeskiedenis meet. Die vlak van veiligheid en sekuriteit in die kommersiële lugdiensbedryf word hoofsaaklik beoordeel deur spesifieke soorte noodlottige ongelukke te ondersoek en deur te kyk of hulle voldoen het aan bestaande regulasies.

2 Dit is belangrik om daarop te let dat net 6% van die vliegtuigongelukke verlede jaar volgens die *International Air Transport Association* sterfgevalle ingesluit het. Hierdie feit verwring die bepaling van risiko wesenlik. Risiko-bepaling moet ook noue ontkomings in ag neem, asook voorvalle waarin passasiers beseer is. Vier verskillende bedreigings of risikokategorieë gaan uitgelig word om ŉ akkurater prentjie van die gevare te skets.

3 Lughawesekuriteitsrisiko's wys etlike veiligheidsleemtes op lughawens uit. Eerstens is daar die keuring van lughawepersoneel. ŉ Verslag toon dat daar nie doeltreffende maatreëls in plek is om lugvaartpersoneel met ŉ misdaad-geskiedenis uit te lig nie. Die probleem van personeelkeuring is selfs van meer kardinale belang in lande soos Egipte, waar keuringspraktyke swak is. Daarbenewens is bevind dat veiligheidsbeheerpunte ook nie na wense funksioneer nie soos deur ŉ koverte* staatsagentgroep wat organisasies se prestasie en doeltreffendheid toets, uitgelig is. Hierdie swak uitslae het in groot stede oor die VSA voorgekom. Boonop het agente nie individuele gevaarlike artikels in bagasie onderskep nie, met inbegrip van ŉ nagemaakte bom op die Newark Liberty-lughawe in New Jersey. Lughawens se veilige gebiede is ook binnegedring deur hierdie geheime groep.

4 Volgens data wat deur die *Federal Aviation Administration (FAA)* se *Aviation Safety Report Administration System* ingesamel is, ervaar die kommersiële lugdiensbedryf gereeld nie-noodlottige ongelukke. Hierdie selfaangemelde voorvalle sluit in: kritieke hoogteafwykings tydens vlugte, brandstofbestuur-kwessies tydens vlugte, rook en ŉ brand in die kajuit tydens vlugte, onverwagte weerstoestande tydens vlugte, meganiese probleme tydens vlugte, moeë bemanningslede, mediese geskiktheid van vlieëniers en amperse lugbotsings met ander vliegtuie en onbemande vliegtuie (hommeltuie). Hierdie voorvalle hou ernstige risiko's vir passasiersveiligheid in. Die *Federal Aviation*

*Administration (FAA*) se syfers toon dat daar verlede jaar meer as 700 amperse lugbotsings tussen vliegtuie en hommeltuie was. Voorts was daar ook 28 kritieke amperse lugbotsings tussen vliegtuie in die VSA. Verlede jaar is ook 1 546 personeellede wat vir lugdiensveiligheid verantwoordelik is (met inbegrip van 38 vlieëniers) positief vir een of meer van vyf onwettige dwelmmiddels getoets. Dit is belangrik om te let daarop dat dit wat nie-noodlottige voorvalle veroorsaak, ook noodlottige ongelukke kan veroorsaak.

5 Daar is onlangs op etlike lugdiensmaatskappye toegeslaan deur die *FAA* omdat hulle nie aan die regulasies voldoen het nie. So is Southwest beboet omdat ŉ vliegtuig 120 vlugte onderneem het voordat skade weens ŉ lugdruk-dalingsvoorval ondersoek is. Hulle is die vorige jaar ook beboet omdat hulle nie gereelde inspeksies van onderstelle na elke 6 700 vlugte onderneem het nie. Skywest het ook nie gekraakte vragdeure van twee passasiers-vliegtuie geïnspekteer nie. Verlede jaar is United Airlines met $1,3 miljoen beboet weens 120 skendings van regulasies met betrekking tot gevaarlike vrag op passasiersvlugte, waaronder litium-metaalbatterye, droë ys, korroderende vloeistowwe, knalontstekers, fosforsuur en etanol-oplossings. In 2009 het die *FAA* beweer US Airways en United Airlines het vliegtuie wat in ŉ onveilige toestand was, veelvuldige vlugte laat onderneem. Hierdie gevalle is nie uitsonderings nie. Nalatigheid wat betref die volg van instandhoudings-prosedures en laksheid om die reaksie op ŉ gegewe voorval in werking te stel soos deur protokol vereis, kom meer dikwels voor as wat ons dink. In die eerste drie kwartale van 2015 is meer as 100 lugdienste en instandhoudings-diensmaatskappye weens die skending van regulasies beboet. Die meeste van hierdie skendings het nie met voorvalle tydens vlugte verband gehou nie, maar sê wel heelwat oor die veiligheidskultuur in die lugvaartbedryf.

6 Nog ŉ ontluikende risiko is kuberveiligheid. Die lugvaartbedryf hanteer toenemend hoëtegnologie vliegtuie wat gesofistikeerde stelsels en programme vereis, wat weer kwesbaar vir kuberkrakers is. Die meeste vliegtuie gebruik outomatiese waarnemingstegnologie waarmee ŉ vliegtuig sy posisie deur middel van satellietnavigasie bepaal en wat onversleutelde data oor dié posisie uitstuur. Mense met kwade bedoelings kan met hierdie data peuter, wat die werklike posisionering van die vliegtuig kan wysig. Chris Roberts, ŉ kuberkraker, beweer hy kon via die vliegtuig se vermaakstelsel toegang tot kritieke vliegtuigfunksies verkry, waaronder die enjin. Die Amerikaanse regering se verantwoordbaarheidskantoor het ook etlike kwesbaarhede geïdentifiseer met betrekking tot die inligtingstelsels wat deur lugverkeer-beheer gebruik word. Inligtingstelsels en rekenaarprogramme wat deur die lugvaartbedryf gebruik word, is ontwikkel om op werkverrigting-uitdagings eerder as veiligheidskwessies te reageer. Ons kan dus nie ons meting van sekerheid tot noodlottige voorvalle beperk nie. Uit dié perspektief lyk lugvaart baie veilig. Neerstortings kom immers min voor.

7 As ál die nie-noodlottige voorvalle in ag geneem word, is die werklike ongelukrisiko in die lugvaartbedryf veel hoër.

*koverte (geheime)

[Aangepas uit *Die Burger*, 9 Julie 2016]

1.1 Watter woord in paragraaf 1 gebruik die skrywer om ŉ skrikbewind of geweldpleging aan te dui? (1)

1.2 Waarom is die bepaling van risiko volgens paragraaf 2 verwronge en onvoldoende? (2)

1.3 Verduidelik hoe die inhoud van paragraaf 3 - wat veiligheid en sekuriteit betref - aansluit by die onderstreepte gedeelte van paragraaf 1. (3)

1.4 Volgens paragraaf 4 hou nie-noodlottige ongelukke ŉ wesenlike gevaar in vir passasiers van kommersiële lugdiensbedrywe. Motiveer wat hierdie aanname regverdig. Sê ook waarom die skrywer se aanname nie as ŉ feit beskou kan word nie. (4)

1.5 Herlees paragraaf 4. Waarom sou die data wat ingesamel word as betroubaar of onbetroubaar aanvaar kan word? (1)

1.6 Die skrywer beklemtoon die tema van die leesstuk aan die einde van paragraaf 4. Skryf die tema van hierdie leesstuk in jou eie woorde in EEN sin. (1)

1.7 Dui die optrede van die *FAA* teenoor die lugdiensmaatskappye wat oortree aan. (2)

1.8 Die Southwest lugredery kan hulself as gelukkig ag. Waarom? (2)

1.9 Noem DRIE belangrike verantwoordelikhede waaraan lugdiensmaatskappye moet voldoen volgens paragraaf 5. (3)

1.10 Wat vind jy skokkend omtrent die laaste sin van paragraaf 5 in die lig van hierdie artikel? (1)

1.11 Watter tegniek gebruik die skrywer om sy misnoeë oor die veiligheidskultuur in die lugvaart uit te lig? (1)

1.12 Hoekom word kuberveiligheid as ŉ toenemende risiko in die lugvaartbedryf hanteer? (2)

1.13 Waarom blyk dit dat satellietnavigasie ŉ groot risiko is volgens paragraaf 6? (1)

**EN**

## TEKS B: VISUELE TEKS




[Uit *Die Burger*, 10 September 2013]

1.14 Bepaal die verband tussen die woorde van die persoon wat in die speelgoedvliegtuig sit en TEKS A. (2)

1.15 Watter afleiding kan 'n leser uit TEKS B oor Suid-Afrikaanse vlieëniers se opleiding maak? (1)

1.16 Hoe word die neerstort van die vliegtuig in TEKS B beklemtoon en wat was die redaksie van *Die Burger* se doel met hierdie visuele teks? (3)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

- Lees die onderstaande teks en maak ŉ opsomming van **SEWE wenke hoe om jou innerlike kritikus stil te maak**.
- Jou opsomming moet in jou eie woorde in ŉ duidelike, sinvolle **paragraaf** aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
- Moenie jou opsomming ŉ titel gee nie.
- Dui die **getal woorde** wat jy gebruik het, aan.

### TEKS C

**JOU EIE VERBALE MISHANDELING – HOE OM JOU INNERLIKE KRITIKUS SE MOND TE SNOER**

ŉ Mens se innerlike dialoog speel ŉ belangrike rol in jou sukses, maar dit kan jou ook keer om jou volle potensiaal te bereik. Jou gedagtes het ŉ groot invloed op hoe jy voel en optree en kan tot negatiewe en afbrekende selfgesprekke lei.

Raak bewus van jou gedagtes. Ons kom nie eers meer agter watter boodskappe ons vir onsself stuur nie. Net omdat jy iets dink, beteken nie dis waar nie. Ons gedagtes is dikwels oordrewe, bevooroordeeld en buite verhouding tot die werklikheid.

As jy ŉ fout gemaak het of ŉ slegte dag gehad het, moenie die gebeure oor en oor in jou kop afspeel nie. Trek jou aandag af met ŉ aktiwiteit, of praat oor heeltemal ŉ ander onderwerp. Hou dus op tob.

Behandel jouself met dieselfde deernis waarmee jy ŉ vriend of vriendin sal behandel. Vra jouself af watter raad jy ŉ vriendin of vriend sou gegee het. Jy sal nie aan haar/hom sê sy/hy kan niks reg doen nie of dat niemand van haar/hom hou nie.

Ondersoek die getuienis. ŉ Mens moet leer om te herken en erken wanneer jou gedagtes erg negatief is. Ondersoek dan die “getuienis’ wat daardie gedagte bevestig of weerlê. Skryf alles wat jou selfkritiek staaf aan die een kant en dit wat dit weerlê aan die ander kant. Dit help dat jy rasioneel en minder emosioneel na ŉ situasie kyk.

Vervang “ek doen altyd alles verkeerd” deur “soms doen ek dinge regtig goed en soms nie.” Doen dit elke keer wanneer jouself betrap dat jy superkrities op jouself is. Vervang dus oordrewe kritiese gedagtes deur meer akkurate, rasionele en realistiese stellings.

Dink hoe erg dit nou eintlik sou wees as jou selfkritiek waar was. Dis dikwels nie so erg soos wat ons onsself wysgemaak het nie. Deur jouself daaraan te herinner dat jy probleme, foute en taai tye kán hanteer, gee jy jou selfvertroue ŉ hupstoot en help jy om die konstante stroom selfkritiek te stuit.

Om jou swak punte te aanvaar beteken nie dit hoef vir altyd so te bly nie. Aanvaar jou foute, maar erken ook dat daar dalk dinge is waaraan jy kan werk. Aanvaar jouself terwyl jy aan jou (werklike) probleemgebiede werk.

[Aangepas uit: *Rooi Rose,* Junie 2016

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bestudeer die advertensie en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**




[Uit *Sarie*, Julie 2016]

3.1 Wie is die teikenmark van hierdie advertensie? (1)

3.2 Verduidelik hoe die woorde in reël 1 en die attributiewe byvoeglike naamwoord in die onderstreepte sin in reëls 5 en 6 by mekaar aansluit. (1)

3.3 Verander die vraende sinswyse in reëls 3 en 4 na die gebiedende wyse. (1)

3.4 Verander die onderstreepte sin in reëls 5 en 6 na die ontkennende wyse. (1)

3.5 Hoe sou die kopieskrywer die vetgedrukte woord in reël 5 anders kon uitlig? (1)

3.6 Waarom is die gebruik van die asterisk in reël 7 nodig? (1)

3.7 Haal ŉ woord uit reël 8 aan wat ŉ nuutskepping is. (1)

3.8 Verduidelik hoe die kopieskrywer in reël 8 manipulerende taal suksesvol gebruik deur na die vetgedrukte woord te verwys. (1)

3.9 Vorm ŉ persoonsnaam van die woord in reël 9. (1)


3.10 Bespreek die geïmpliseerde betekenis van die slagspreuk. (1)
**[10]**

## VRAAG 4: STROKIES

## TEKS E

Die onderstaande vrae is op die strokies (TEKS E) gebaseer:

4.1





4.1.1 Wat beteken die onderstreepte idioom in raampie 1? (1)

4.1.2 Gebruik die donker, vetgedrukte woord in raampie 2 as 'n byvoeglike naamwoord in 'n verklarende sin. (1)

4.1.3 Wat is die geïmpliseerde betekenis van John se ma se woorde in raampie 5? (1)

4.1.4 Wat kan jy aflei uit die lyftaal van die meisie in raampie 7? (1)

4.2




4.2.1 Gee die korrekte Afrikaans vir die onderstreepte woorde in raampie 10. (1)

4.2.2 Gee die antoniem van die onderstreepte woord in raampie 11. (1)

4.2.3 Lewer kommentaar oor die taalgebruik van die leerders. (1)

4.3




4.3.1 Identifiseer die voorwerpsin van die onderstreepte sin in raampie 13. (1)

4.3.2 Skryf die middelste man in raampie 14 se laaste sin in die indirekte rede. (1)

4.3.3 Aan watter klankverskynsel maak die spreker hom in die onderstreepte woord in raampie 14 skuldig? (1)

**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL**

Beantwoord die vrae wat op die teks gebaseer is.

**TEKS F**

## Wat as ...

1 Daar was onlangs ŉ program op televisie wat handel oor die lewe van mense wat die lotery gewen het. In Amerika het ŉ vrou 91 miljoen dollar ryker geword, ŉ ander vrou het 50 miljoen dollar gewen en ŉ egpaar 266 miljoen dollar. Hierdie geld is nie eenmalig aan hulle uitbetaal nie, wel in paaiemente oor ŉ tydperk wat tot 20 jaar lank kan wees. Die wenner ontvang dikwels maar ongeveer 50% van die totale prys, die res gaan na die (5.1) <u>belastinggaarder</u>, maar dit bly ŉ ondenkbare hoeveelheid (5.2) welvaart.

2 Dit was duidelik dat die vervaardiger van die program wou wys hoe lewens oornag kan verander en hoe fassinerend dit is dat die meerderheid van hierdie **gelukkiges** hul geld binne enkele jare verloor; sommige verval in groter armoede as wat hulle voorheen beleef het. (5.4) <u>Die redes hiervoor is dat meeste mense geen benul het hoe om met geld te werk nie</u>, dat (5.5) **weinig** mense eenvoudig nie vooruit beplan nie en dat familie, kennisse en sogenaamde beleggers (5.6) <u>soos wolwe kan toesak op diegene wat voorspoed beleef.</u>

3 (5.8) <u>Wat my opgeval het</u>, is die feit dat feitlik almal binne ure by hul werkplek bedank het. Sommige het hul eie besighede begin. Die meeste het egter heeltemal ophou werk, hulle wys foto's van hul reise en vyfsterhotelle waar hulle tuisgaan.

4 Wat onverklaarbaar is, is die gebrek aan ŉ loopbaan, aan werk, aan ŉ lewenstaak. Dit wat ons doen, ons werk (5.9) (definisie) ons. (5.10) <u>Moet dit dan nie een van die wonderlikste goed op aarde wees nie?</u> Selfs al wen ons miljoene, moet ons daar wil bly, want dit maak ons tevrede en beter en gesond en opgewonde.

[Aangepas uit *SARIE,* Augustus 2015]

5.1 Identifiseer die bepaler van die onderstreepte woord in paragraaf 1 en gebruik sy basisvorm/stam in ŉ duidelike sin om die betekenis daarvan aan te dui. (1)

5.2 Tot watter woordsoort behoort die laaste woord in paragraaf 1? (1)

5.3 Gee die intensiewe vorm van die vetgedrukte woord in paragraaf 2. (1)

5.4 In paragraaf 2 is daar ŉ bepaalde lidwoord weggelaat. Skryf die onderstreepte gedeelte oor en voeg die ontbrekende lidwoord in. (1)

5.5 Verskaf die vergrotende trap van die tweede vetgedrukte woord in paragraaf 2. (1)

5.6 Watter konnotasie heg ons aan die onderstreepte frase in paragraaf 2? (1)

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

5.7 Watter beeldspraak lê in die onderstreepte frase in paragraaf 2 opgesluit? (1)

5.8 Brei die onderstreepte sin in paragraaf 3 uit met 'n bywoordelike bepaling. Skryf die hele onderstreepte gedeelte neer en onderstreep slegs die bywoordelike bepaling. (1)

5.9 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies in paragraaf 4. (1)

5.10 Verander die onderstreepte sin van paragraaf 4 na die verlede tyd. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou